# HESSEQUA MUNISIPALITEIT

## VAKATURES

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van geskikte persone in die volgende vakatures:

### *Spanleiers x7: Hessequa Munisipale Area
**R360.00 per dag (01 September 2021 tot 30 April 2022)**

Vereistes: Graad 10 of 'n gelykwaardige kwalifikasie • 'n Geldige Lewensreddingsertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie met bewys van jaarlikse toetse • Geldige Noodhulpsertifikaat Vlak III • Kode EB bestuurderslisensie • Ses maande vrywillige ondervinding by 'n geregistreerde klub en/of gewerk as 'n lewensredder, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Kom neergelegde prosedures na • Pas noodhulp toe • Behulpsaam met die toepassing van verordeninge (regulasies) en Covid-19 vereistes • Bepaal swem areas (strande, swembaddens en gety poele) • Administratiewe take • Bevorder swembad- en strand veiligheid • Behulpsaam met lewensredding • Voldoen aan die Senior Lewensredder se instruksies, reëls, regulasies en prosedures • Handhaaf die professionele beeld van Hessequa Munisipaliteit, asook behulpsaam met die behoud van die Blouvlag Standaarde en Status • Rapporteer daagliks aan die Lewensredder Koördineerder.

### *Lewensredders x31: Hessequa Munisipale Area
**R320.00 per dag (01 September 2021 tot 30 April 2022)**

Vereistes: Graad 10 of 'n gelykwaardige kwalifikasie • Moet 16 jaar of ouer wees • 'n Geldige Lewensreddings- en Noodhulpsertifikaat Vlak III • Moet bereid wees om oor naweke en/of openbare vakansiedae te werk • In staat om in twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap te kommunikeer.
Pligte: Woon vergaderings by • Pas noodhulp toe • Behulpsaam met die toepassing van bywette (regulasies) en Covid-19 vereistes • Neem leiding tydens noodgevalle, gevaarlike en/of onveilige situasies • Bevorder swembad- en strandveiligheid • Behulpsaam met lewensreddingsfunksies • Rapporteer onveilige toestande aan die Spanleier • Voorkom ongelukke • Identifiseer veilige strand- en swembad areas.

***Hierdie is 'n tydelike kontrak en nie 'n permanente aanstelling nie.**

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig persone met gestremdhede, asook persone vanuit voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings.

### Instruksies aan aansoekers:

'n Munisipale aansoekvorm moet elektronies aan applications@hessequa.gov.za versend word. Hierdie is die enigste e-pos adres wat aansoeke sal aanvaar. Aansoeke wat elektronies ingedien word, mag nie 4MB oorskry nie. Aansoekvorms kan ook per hand by enige Hessequa Munisipale kantoor afgelewer word of aan Menslike Hulpbronne, Posbus 29, Riversdal, 6670, versend word. Slegs aansoekers wat aan die minimum vereistes voldoen, soos geadverteer, sal oorweeg word. Aansoekvorms moet vir alle vakature waarvoor aansoek gedoen word, volledig voltooi word. 'n Curriculum Vitae kan addisioneel aangeheg word. Afskrifte van kwalifikasies en relevante dokumente wat verlang word, moet die aansoek vergesel. Navrae moet aan die kontakpersoon soos per advertensie, gerig word. Geen aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal oorweeg word nie. Daar sal van die gekortlyste kandidate verwag word om 'n praktiese assessering te ondergaan. Aansoekers wat nie binne 30 dae na die sluitingsdatum deur die munisipaliteit gekontak word nie, moet hul aansoek as onsuksesvol beskou. Die werkgewer behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum : 2 Julie 2021

Kontakpersoon: Me J Jansen by 028 713 7965